430.E2.34

VADERLAND

DR. F. VAN ZYL SLABBERT, L.V.

Ten spyte van al die aandag wat die veldtog in die Berge geniet, bly die belangrikste uitslag van al die tussenverkiesings op die 10de Mei die een in Waterkloof. Die redes in eenvoudig. Die toekoms van Suid-Afrika gaan in ons stede bepaal word en Waterkloof bevat van die belangrikste opinie leiers in ons land. Dit is 'n rigtinggewende kiesafdeling. In Waterkloof, in teenstelling met die Berge, word daar nie getwis of daar hervorming en verandering moet wees nie maar watter soort hervorming en hoe vinnig dit moet plaasvind. Die PFP is 'n party wat onomwonde staan vir daadwerklike en sistematiese hervorming wat polarisering tussen Swart en Wit moet teenwerk, groter versoening tussen die rassegroepe moet bewerkstellig en samewerking en onderhandeling moet bestendig. 'n Algemene verkiesing kies 'n nuwe regering; 'n tussenverkiesing gee 'n teken, 'n aanduiding van 'n tendens. Die tendens en teken wat uit Waterkloof versterk moet word is dat daar met hernieude ywer en groter dringendheid voortgegaan moet word met sistematiese hervorming en daardie teken kan die beste gegee word indien die PFP hierdie tussenverkiesing sou wen.

4 Mei 1983.